Só het die Sinode besluit

Die Algemene Sinode besluit dat
gedoopte kinders wat in Jesus Christus glo,
aan die vereistes van 1 Kor. 11 voldoen, en
die begeerte het om nagmaal te gebruik,
tot die nagmaal toegelaat mag word.

'n Nuwe geloofs-belewing

Een van jou besondere ervarings as kind van die Here is wanneer jy aan die nagmaal deelneem.

Dit is vir jou heilige oomblikke.

Die tekens van brood en wyn praat met jou.

Dit vertel van God se liefde vir jou – só groot dat Hy sy Seun vir jou laat sterf het.

Jy gebruik dit nederig en met ontsag.

God sê sulke heerlike dinge deur die nagmaal vir jou. Omdat dit jou so diep raak, is die nagmaal vir jou belangrik. Mense moet nie daarmee kom lol nie. Wanneer daar 'n verandering kom in die manier waarop ons dit gebruik – soos nou weer die kerk se besluit om kinders tot die nagmaal toe te laat – moet ons die veranderings versigtig hanteer.

Die gebruik van die nagmaal moet ons geloof versterk, ons opbou en ons saambind. "Juis," sê party mense, "daar is genoeg dinge wat ons verdeel – ons moenie nou van die nagmaal ook 'n turksvy maak nie."

Daar is ook lidmate wat opgewonde en bly oor die besluit van die Algemene Sinode is.

Hierdie boekie wil jou help om die besluit van die Algemene Sinode te verstaan om ook kinders tot die nagmaal toe te laat, sodat jy met jou hele hart daarmee kan saamgaan en die nuwe "manier van doen" reg kan doen. Dit moet elkeen van ons help om die nagmaal op só 'n manier saam met ons kinders en kleinkinders te vier, dat dit vir oud en jonk 'n nuwe geloofsbelewing sal wees wat ons saam in ons geloof sal versterk en so die Here se kerk sal opbou.

Was ons al die jare verkeerd?

Waarom is daar so baie veranderings in die kerk?

Eers was dit die vrou wat maar sonder hoed kon kerk toe kom. Daar was 'n hele stryd oor die beker en die kelkies. En toe het die manelpak en swartpak en wit das van die toneel verdwyn. Toe word die vrou as diaken toegelaat . . . en daarna as ouderling en predikant. Nou is dit weer kinders wat tot die nagmaal toegelaat word!

Was ons dan al die jare verkeerd deur kinders eers ná belydenisaflegging tot die nagmaal toe te laat?

Hierdie sake het een belangrike ding in gemeen. Daar is geen duidelike voorskrifte in die Bybel oor die praktiese reëlings van die kwessies wat genoem is nie. Daar is wel sekere beginsels oor elkeen, maar presies hóé dit toegepas moet word, staan nie direk in die Bybel nie. Die Bybel sê byvoorbeeld nêrens hoe oud iemand moet wees voordat hy of sy nagmaal kan gebruik nie. Die vorige besluit was maar 'n menslike besluit – net soos hierdie nuwe besluit óók 'n menslike besluit is.

Sulke praktiese besluite word dikwels bepaal deur die tyd en kultuur waarin die kerk hom bevind. En as daar in hierdie omstandighede sekere dinge verander, het dit 'n invloed op hoe ons kerklike sake reël.

Die oudste voorstelling van die nagmaal waarvan ons weet, is op 'n muur van die Griekse kapel in Priscilla se katakombe in Rome geskilder. Dit dateer ongeveer uit 250 n.C. Die foto gee nie die volledige skildery weer nie.

DIE BYBEL EN DIE KIND SE PLEK

Een van die belangrike veranderings oor die afgelope aantal jare gaan oor die plek wat die kind in ons samelewing inneem.

Dit het meegebring dat daar ook nuut gedink word oor die kind se plek in die kerk en oor hoe die kind se geloof moet ontwikkel.

Dit het meegebring dat die kerk opnuut besin het of die nagmaal nie ook vir kinders bedoel is nie.

In die lig hiervan is daar ook weer ernstig na die beginsels van die Bybel gekyk. Op grond van dié voortgaande bestudering van die Bybel – veral oor sake soos die kerk, die verbond en die sakramente – het die Nederduitse Gereformeerde Kerk ook nou besluit om gedoopte kinders reeds vóór belydenisaflegging tot die nagmaal toe te laat.

Die kind se plek het verander!

- In ons samelewing word 'n nuwe plek aan die kind toegeken. Oral word die kind se deelname en betrokkenheid beklemtoon. Kinders neem al hoe meer aan die wêreld van die volwassenes deel.
- Die jeug van ons dag aanvaar nie meer dinge bloot op grond van die feit dat dit tradisie is nie, maar op grond van wat dit vir hulle beteken. Hulle sal eerder dinge aanvaar wat hulle beleef het.
- Vandag besef mense al hoe meer dat kinders dinge die beste leer deur dit by hulle ouers te sien en deur dit na te doen.
- Ons weet ook dat dit noodsaaklik is dat kinders van kleins af moet ervaar dat hulle deel van die gemeente is.
- In die lig van die kragte van ongeloof wat in die samelewing op ons kinders inwerk, word op 'n nuwe manier besef dat kinders ook behoefte aan die versterking van hulle geloof het.

Wat word van kategese en belydenisaflegging?

Toelating tot die nagmaal was nog altyd net één van die redes waarom ons kategese en belydenisaflegging het. Dit was nie die enigste rede nie.

Noudat die kinders voor belydenisaflegging al tot die nagmaal toegelaat word, verloor kategese en die belydenisaflegging dus nie hulle betekenis nie, want al die ander redes waarom ons kategese en belydenisaflegging het, behou steeds hulle krag. Die kerk moet steeds sorg

dat sy lidmate in die Woord van die Here en die belydenisskrifte onderrig word. Dwarsdeur ons lewe het ons hierdie onderrig nodig. Dit gebeur onder andere in die prediking, deur pastorale sorg, in Bybelstudiegroepe en kursusse wat gehou word. Die kategese is 'n deel van hierdie onderrig wat in die besonder op ons kinders gerig is.

Die kategese word ook steeds deur die belydenisaflegging afgesluit. Die kerkraad moet vooraf seker maak dat die katkisante

- die nodige kennis van die Bybel en die kerk se leer het,
- dit as hulle eie oortuiging aanvaar het, en
- dit met hulle lewenswandel bevestig.

Deur belydenis van hulle geloof af te lê, bevestig die jongmense in die openbaar dat hulle die leer van die kerk onderskryf. Hulle sê daarmee ook dat hulle in die Here Jesus as hulle Here en Verlosser glo en dat hulle dit daagliks wil uitleef dat hulle sy kinders is.

Vroeër was dit gebruik dat meisies wit aangetrek het wanneer hulle belydenis van geloof gedoen het. Toe het hulle ook van die "voorstelling" gepraat.

Natuurlik is dit iets wat hulle elke keer sê as hulle nagmaal gebruik, maar veral vandag blyk dit dat ons jongmense 'n behoefte het om by so 'n geleentheid hulle geloof te bely.

Verder is dit vir ons belangrik dat diegene wat ons as diakens en ouderlinge verkies, die nodige kennis van die leer van die kerk het en dit onderskryf. Daarom bepaal ons nog steeds dat slegs lidmate wat ná kategese openbare belydenis van hulle geloof gedoen het, tot die kerklike ampte verkies kan word. Net so geld steeds die bepaling dat slegs lidmate wat hierdie belydenis van geloof gedoen het, hulle kinders mag laat doop.

Watter nut het nagmaal vir kinders?

Kinders se geloof is nie minderwaardig teenoor dié van volwassenes nie. 'n Ware geloof verbind jou aan die Here Jesus Christus, of 'n mens nou oud of jonk is. Die Here Jesus wys ons juis daarop dat die kinders vir ons 'n voorbeeld in die geloof stel – omdat hulle so onvoorwaardelik kan vertrou.

As dit vir die volwassene se geloofslewe belangrik is om die nagmaal te gebruik, is dit vir kinders ewe belangrik. Dis opmerklik dat kinders juis dinge leer deur wat hulle beleef.

As dit vir die volwassene se geloofslewe belangrik is om die nagmaal te gebruik, is dit vir kinders ook belangrik.

Hulle leer veral deur dinge saam met persone te doen vir wie hulle liefhet. Dit is een van die redes waarom kinders saam met hulle ouers aan die nagmaal moet deelneem. Hulle sien met watter gesindheid hulle ouers die nagmaal gebruik en as hulle dit saam met die ouers doen, volg hulle ook daardie gesindheid na.

'n Godsdienstige gebruik soos die nagmaal het 'n belangrike waarde om gelowiges te vorm. Die atmosfeer van wyding, die plegtige manier van viering, die feit dat ons 'n vaste liturgiese vorm het waarop die nagmaal meesal gevier word, maak 'n baie sterk indruk op kinders se gemoed. Dit word 'n ervaring wat hulle bybly en 'n gebruik wat hulle later nie maklik laat vaar nie.

Die nagmaal help kinders veral om te besef dat ook hulle aan die gemeente van die Here behoort. Dit is nie net die grootmense se gemeente nie. Dit is 'n belangrike saak in elkeen se geloofsvorming. Wanneer die kinders groter word, doen hulle dan nie meer dinge bloot omdat hulle ouers hulle daarin voorgaan of hulle so geleer het nie. Hulle doen dit omdat hulle self kies om dit te doen. Wanneer kinders hulle van kleins af met 'n saak geïdentifiseer het, is hulle baie meer geneig om daarmee voort te gaan as hulle groter word.

Die doel van die sakramente

God het die nagmaal vir ons gegee sodat ons die evangelie beter kan verstaan en om ons geloof te versterk (Heidelbergse Kategismus, Vraag en Antwoord 65, 66, 75). Dié twee sake kan 'n mens nie van mekaar losmaak nie.

Met "verstaan" word nie 'n bloot verstandelike proses bedoel nie. Ons moet dit meer sien in die sin dat die verlossing waarvan die nagmaal ons vertel, vir ons 'n *groter werklikheid* word. Dit kry vir ons meer betekenis. Ons kry 'n beter besef daarvan. En onthou: die kinders leer veral deur te *beleef*.

Heidelbergse Kategismus, Vraag 66, 75

Die sakramente is heilige, sigbare waartekens en seëls deur God ingestel om ons deur die gebruik daarvan die belofte van die evangelie des te beter te laat verstaan en te verseël: naamlik dat Hy ons vanweë die enige slagoffer van Christus wat aan die kruis volbring is, vergewing van sondes en die ewige lewe uit genade skenk.

Voorwaardes vir deelname?

"Is daar dinge wat die kinders moet weet en kan doen voordat hulle aan die nagmaal kan deelneem – die Bybel stel tog mos seker voorwaardes?" vra jy.

Wanneer ek hierop antwoord, is dit belangrik om te onthou dat ons verlossing en ons lewe as kinders van God, soos "alle dinge," ook "uit Hom en deur Hom en tot Hom" is (Rom. 11:36). Ons kan niks doen om dit te verdien nie. Tog val dit nie soos iets uit die lug in ons lewe nie. Ons is self ook daarin betrokke.

Óns moet tot bekering kom.
Óns moet die verlossing in Christus ontvang.
Óns moet ons aan Hom toewy.
Óns moet Hom met volharding volg.

So ontvang elkeen wat die nagmaal gebruik, daarmee saam God se seëninge. Tog is die nagmaalgebruiker ook by die nagmaal betrokke. Ons ontvang die tekens, en ons dank die Here, ons bely ons sonde en ons wy ons lewe opnuut aan Hom.

Kinders wat die nagmaal gebruik, moet weet wat dit beteken. Hulle moet ook die Here vir hulle verlossing kan dank en vir Hom kan sê dat hulle Hom liefhet.



Kinders wat nagmaal gebruik, moet bewus wees wat dit beteken. Hulle moet ook die Here vir hulle verlossing kan dank en vir Hom kan sê dat hulle Hom liefhet.

Die Kerkraad se sleutelrol

Die Algemene Sinode het ter wille van die goeie orde en eenheid van die kerk, besluit dat die toelating van kinders tot die nagmaal op die volgende wyse moet geskied:

- Kerkrade besluit wanneer die gemeente daarvoor gereed is.
- Dit is die verantwoordelikheid van elke kerkraad om spesifiek reëlings te tref oor die wyse waarop toelating plaasvind.
- Die Algemene Sinode besluit om kerkrade te versoek om die gemeentes te begelei en toe te rus, en so tot gereedheid te voer vir toelating van kinders tot die gebruik van die nagmaal as gesinsmaal. Hierdie leiding moet op 'n pastorale wyse en met groot liefde en toewyding gedoen word.

Kinders kry nie outomaties nagmaal nie

Dit beteken nie dat kinders nou outomaties die nagmaal kan gebruik nie. Die Algemene Sinode het 'n pad aangedui waarop die toelating moet plaasvind: Daar moet 'n *gesprek* met die kind gevoer word waarin die betekenis van die nagmaal verduidelik word.

Nagmaalgesprek met die kind

Die pad wat die Algemene Sinode aanbeveel om kinders tot die nagmaal toe te laat, is 'n gesprek. Daar moet met die kind gesels word oor die betekenis van die nagmaal sodat hy/sy dit duidelik kan verstaan. Die volgende sake moet in so 'n gesprek aandag geniet:

- Die brood en die wyn wys vir ons dat Jesus in ons plek aan 'n kruis gesterf het om ons sonde weg te neem. Ons weet ook dat Hy uit die dood opgestaan het.
- Deur dié tekens verseker die Here ons van sy liefde en die vergifnis van al ons sondes.
- Deur aan die nagmaal deel te neem, sê ons dat ons aan die Here behoort, ander mense liefhet en vir hulle omgee.

Die kerkraad is verantwoordelik vir die spesifieke reëlings in hierdie verband. Hulle moet besluit *wanneer* en met *watter* kinders die gesprek gevoer word, *wie* die gesprek voer en *hoe* die toelating plaasvind.

Ouers se rol en verantwoordelikheid

Van die eerste oomblik af dat jy ontdek het jy gaan (weer) 'n ouer word, het jy al geweet dat jy die verantwoordelikheid gaan hê om die kindjie groot te maak. Vir die Christenouer beteken dit allereers om die kindjie só op te voed dat hy/sy van kleins af sal leer om die Here te ken en lief te hê en te dien.

Daarom het jy jou kind gebring om gedoop te word. Deur die doop het die Here sy teken op jou kind geplaas om te bevestig dat hy/sy ook in God se genadeverbond ingesluit is. En jy het as ouer beloof om die kindjie in die weë van die Here groot te maak.

> Laat staan die kindertjies en moet hulle nie verhinder om na My te kom nie,want die koninkryk van die hemel is juis vir mense soos hulle.
> Matt. 19:14.

Reg van die begin af het die ouer 'n (positiewe of negatiewe) invloed op die kind se geloofsvorming. Jy is in elke praktiese situasie waarin jy elke oomblik is, besig om jou geloof (of die afwesigheid daarvan) aan jou kind voor te leef.

Die manier waarop jy die Here dien, waarop julle in die huis met mekaar omgaan, hoe julle die Bybel lees en bid, die eredienste bywoon en aan die nagmaal deelneem, die manier waarop julle leef, druk van kleins af onbewus 'n stempel op julle kindjie af.

Baie gou al begin die kind jou voorbeeld as ouer naboots. En 'n rukkie later kan ons al met hom/haar oor die evangelie begin praat.

Dit is van die grootste belang dat jy as ouer die regte verhouding met jou kind moet hê. Ons wil hê dat kinders hulle ouers se waardes en oortuigings vir hulleself moet toeëien. Daarom is dit noodsaaklik dat jy van kleins af 'n goeie verhouding van liefde met jou kind opbou en dit in stand hou. Die verhouding tussen Pa en Ma moet ook reg wees, want dit wys op 'n besondere manier vir die kind iets van God se liefde.

Die ouer se onderrig oor die nagmaal

Behalwe vir die regte voorbeeld wat jy moet stel, is dit ook jou roeping en plig as ouer om van kleins af met jou kinders oor die nagmaal te praat. Dié gesprek kom van die tyd af dat jy hulle vir die eerste keer na 'n nagmaalviering saamgevat het. Dit gee jou die kans om daarna met hulle te gesels en te verduidelik wat dit beteken.

Jy as ouer moet daarna by elke nagmaalviering van jou kinders betrokke wees. Praat met jou kinders en berei julle saam voor om aan die nagmaal deel te neem. Dit is van die grootste belang dat jy dit saam met jou kinders doen.

> Jy moet by elke nagmaalviering van jou kind betrokke wees. Maar is daar elke keer iets nuuts oor die nagmaal waaroor ons kan praat?

Daar is *verskillende geleenthede* waar hierdie gesprekke met die kind kan plaasvind. Dit kan heel spontaan gebeur waar jy ook al besig is en die kind jou begin uitvra, of waar jy daaroor begin gesels. Jy kan by huisgodsdiens, of in die kind se binnekamer met slapenstyd, daaroor uit die Bybel lees, daaroor gesels en bid. Wanneer julle saam die nagmaal gevier het, behoort dit ook opgevolg te word met gesprekke met julle kinders.

Is daar nou elke keer iets nuuts oor die nagmaal waaroor ons met ons kinders kan gesels? Onthou dat herhaling 'n belangrike metode van leer by die kleiner kind is. Van so tien jaar se kant af raak hulle egter verveeld as jy elke keer herhaal.

Daar is so baie aspekte van die nagmaal waaroor 'n mens kan gesels, dat blote herhaling nie nodig is nie. Dink maar aan die verskillende betekenisse wat die nagmaal vir ons het wat die formulier mooi vir ons uitwys. Oor elkeen van hierdie betekenisse kan jy byvoorbeeld op 'n keer gesels. Aan die einde van hierdie boekie is daar 'n aantal interessante voorbeelde en wenke.

Neem hulle vroeg saam!

Kinders moet nie vir die eerste keer van die nagmaal hoor wanneer hulle skool toe gaan nie. Jy moet met jou kind oor die nagmaal praat – van die tyd af dat jy jou kind vir die eerste keer na 'n nagmaalviering saamvat. Dit is 'n verkeerde ding dat kinders nooit by 'n nagmaalviering kom nie!

Die kinders moet sien en beleef wat daar gebeur. Dit gee ons die kans om daarna met hulle te gesels en te verduidelik wat dit beteken. Wanneer die kinders self nagmaal gebruik, moet ons seker maak dat hulle sekere dinge verstaan en dit reeds met 'n kinderlike geloof aanvaar het, soos die Sinodebesluit van ons vra.

Geen aparte dienste nie!

Die Ned. Geref. Kerk gee ook as riglyn deur dat geen aparte nagmaalbyeenkomste vir kinders gereël word nie, omdat die nagmaal 'n gesamentlike byeenkoms is wat tydens 'n erediens gevier word waar gesinne betrokke is. As ouer moet jy by elke nagmaalviering van jou kinders betrokke wees. Dit is van die grootste belang dat jy dit saam met jou kinders moet doen.

DIE ROL VAN DIE GEMEENTE

'n Belangrike aspek van die nagmaal is dat ons nie as 'n klomp indiwidue deelneem nie, maar as mense wat aan mekaar verbind is. Ons is 'n gemeenskap van gelowiges, die huisgesin van die Here!

Daar is juis 'n besondere betekenis in die feit dat Jesus 'n maaltyd gekies het om vir ons die tekens van sy groot liefde te gee. 'n Maaltyd was altyd 'n teken van onderlinge gemeenskap, saamwees en saamdeel.

'n Wesenlike deel van die nagmaal is dus die gesindheid wat onder die nagmaalgangers heers. Lidmate moet kinders wat tot die nagmaal toegelaat word, as volwaardige deelnemers aan die nagmaal sien, en nie as indringers nie. Die gemeente moet hulle welkom laat voel. Dit sal van die volwassenes ook begrip en 'n mate van geduld vra. Met die kinders se teenwoordigheid mag dit moontlik minder rustig as tevore daaraan toe gaan. Ons sal moontlik meer van 'n vreugdefees beleef!

Die kind moet ook in die prediking en die liturgie aandag kry. Dit sal goed wees as die nagmaal van tyd tot tyd só gevier word dat dit meer op die kind se vlak is. Ander kere mag daar meer dinge wees wat die kind nog nie verstaan nie, maar dan is jy as ouer mos daar om na die tyd te verduidelik.

MET KINDERS BY DIE NAGMAAL SAL DAAR MOONTLIK MEER VAN 'N VREUGDEFEES WEES.

Kinders moet egter nie net by die nagmaal ervaar dat hulle deel van die gemeente is nie. Hulle moet dit ook by die eredienste, huisbesoek en ander aspekte van die gemeentelike lewe ervaar. Op baie maniere moet die kind leer om met die gemeente te identifiseer. Wanneer die gemeente so as 'n huisgesin van die Here funksioneer, kry die kind van kleins af die geleentheid om op geloofsvlak met ander volwassenes kontak te maak en om ook uit hulle lewe en ervarings te leer.



Wat sê ander kerke?

Die Ned. Geref. Kerk is nie die eerste protestantse kerk wat kinders tot die nagmaal toelaat nie. Daar is heelwat ander kerke wat op die gereformeerde belydenis staan waar kinders al vir etlike jare tot die nagmaal toelaat word.

Wat is hulle ervaring?

Deurgaans was die getuienis dat die deelname van kinders aan die nagmaal 'n waarde het wat wyer as die kinders strek.

▲ Die *kinders* ervaar dat hulle aan die gemeente behoort en deel van die huisgesin van die Here is. Dit dra ook daartoe by dat hulle geloof versterk word en hulle groei in hulle geloof.

▲ Vir die *ouers* bring dit mee dat hulle op 'n nuwe manier aan hulle eie geloofslewe aandag moet gee, aan die manier waarop hulle met die nagmaal omgaan en hoe hulle by die kind se geloofsvorming betrokke is.

▲ Vir die *gesinslewe* hou dit in dat daar nuwe geleenthede geskep word waar ouers en kinders saam betrokke is in die beoefening van hulle godsdiens. Dit help om die onderlinge band tussen ouer en kind te versterk.

▲ Vir die *gemeente* gee dit 'n nuwe besef van die sentrale betekenis wat die nagmaal vir die opbou van die gemeente het.

Groot en klein apart?

Wanneer 'n mens in die gesin kinders van verskillende ouderdomme het, weet jy nie altyd op wie jy die onderrig in die nagmaalgesprek moet mik nie. Die beste is om dit af te wissel. By die een geleentheid hou 'n mens die gesprek op die vlak van die kleiner kinders. Die groteres sal dit ook alles verstaan. By 'n volgende geleentheid kan die gesprek weer tot die groter kinders gerig word.

> As julle nie verander en soos kindertjies word nie, sal julle beslis nie in die koninkryk van die hemel kom nie.
> Matt. 18:2.

Die kleintjies moet ook by wees, al verstaan hulle nie alles nie.

'n Paar dinge sal tog by hulle bly steek – selfs dinge wat hulle nie mooi verstaan nie. Later word dit vir hulle duidelik.

Die viering moet sentraal staan

Jy moet vooraf duidelikheid hê oor wat jy met die betrokke onderrig wil bereik deur die nagmaalgesprek wat jy met jou kind voer. Die belangrikste vraag is: Waarmee moet ons die kinders help sodat hulle sinvol aan die nagmaal kan deelneem? Ons meen dat die viering self in die middelpunt moet staan. Jou gesprek en onderrig moet daarop gemik wees.

In die kategese sal daar voor elke nagmaal geleenthede wees waar die nagmaal met die katkisante behandel sal word. Dit bly egter primêr julle verantwoordelikheid as ouers.

Die kerkraad behoort aan julle as ouers hulp en leiding te gee oor hoe julle met julle kind of kleinkind kan gesels. In hierdie boekie dui ons 'n paar van die gespreksmoontlikhede aan.

Die kinders wat tot die nagmaal toegelaat is, moet as volwaardige deelnemers aan die nagmaal gesien word en nie as indringers nie.

Elemente van die viering

Jy moet self 'n prentjie hê van wat by die nagmaal gebeur. Jy moet weet hoe die nagmaal na Jesus verwys en hoe Hy deur sy Gees teenwoordig is. Die volgorde sal nie altyd dieselfde wees nie, maar die volgende behoort min of meer in die volgende orde in die nagmaaldiens teenwoordig te wees:

Die formulier word gelees.

Gelowiges word uitgenooi om aan die nagmaal deel te neem.

Die tafel word gereed gemaak.

Die tafelgebed word gedoen.

Die tekens word ingestel.

Die tekens word uitgedeel en die lidmate gebruik dit.

Danksegging.

Voorbidding.

Geloofsbelydenis.

Offergawe.

Slotsang.

Seën.



1 Korintiërs 11:23-29

Ek het van die Here ontvang wat ek ook aan julle oorgelewer het: Die Here Jesus het in die nag waarin Hy oorgelewer is, brood geneem en, nadat Hy God daarvoor gedank het, het Hy dit gebreek en gesê: "Dit is my liggaam; dit is vir julle. Gebruik dit tot my gedagtenis." Net so het Hy ook ná die maaltyd die beker geneem en gesê: "Hierdie beker is die nuwe verbond, wat deur my bloed beseël is. Gebruik dit, elke keer as julle daaruit drink, tot my gedagtenis." Elke keer as julle van hierdie brood eet en uit die beker drink, verkondig julle die dood van die Here totdat Hy kom.

Elkeen wat op 'n ongepaste wyse van die brood eet of uit die beker van die Here drink, sal skuldig wees aan sonde teen die liggaam en die bloed van die Here. Maar elkeen moet eers homself ondersoek voor hy van die brood eet en uit die beker drink, want hy wat eet en drink sonder om te besef dat dit die liggaam van die Here is, bring daardeur 'n oordeel oor homself.

Voorbeeld van die aanvanklike gesprek

Hier is 'n voorbeeld van 'n aanvanklike gesprek wat jy as ouer met jou kinders kan voer.

Wys daarop dat die Here Jesus die nagmaal vir sy kinders ingestel het. Vertel jou kinders dat die Here, toe hulle nog klein was en niks kon verstaan nie, aan hulle 'n teken gegee het as bewys dat hulle aan Hom behoort.

Hulle is gedoop.

Dit is soos 'n boer wat die lammertjies wat in sy trop skape gebore word, laat merk as bewys dat hulle ook aan sy trop skape behoort.

Nou het hulle groter geword en begin hulle verstaan dat die Here Jesus hulle liefhet en dat hulle Hom ook moet liefhê. As bewys hiervan kry hulle nou die kans om aan die nagmaal deel te neem.

Wat die kleiner kind betref, moet jy die aksent veral op die liefde van God laat val en op die feit dat Hy sy Seun vir ons gegee het, op die feit dat Hy ons verseker dat ons sy kinders is, dat ons deel van die huisgesin van God is, daarop dat ons altyd vir God vir sy gawes dankie moet sê en dat ons ons aan Hom moet toewy.

Mark. 14:22-23 kan as uitgangspunt gebruik word.

Ons het daarop gewys dat die gesprek met die kinders oor drie sake moet gaan:

1 *Die brood en die wyn wys op Jesus wat vir ons gesterf het.*

Vertel van die gebruik om 'n maaltyd te hou as teken dat mense vir mekaar lief is. So hou Jesus en sy dissipels ook saam 'n maaltyd omdat hulle mekaar liefhet. By hierdie maaltyd doen Jesus iets besonders. Hy neem 'n stuk brood en 'n beker met wyn. Hy breek die brood en gee vir elkeen 'n stukkie daarvan om te eet. Hy skink wyn in die beker en laat elkeen drink. Hy sê dat die brood en die wyn die tekens is dat Hy sy kinders liefhet. Dit is die tekens dat Hy vir hulle sondes gaan sterf. (Jy kan ook terwyl jy die verhaal vertel, vir elkeen 'n stukkie brood afbreek en gee om te eet.)

2 *Deur die tekens van brood en wyn verseker die Here ons van sy liefde en die vergifnis van ons sondes.*

Ons gee soms aan mekaar tekens dat ons mekaar liefhet. Toe Ma en Pa getroud is, het ons vir mekaar 'n ring gegee (wys trouring). Dit is vir ons tekens dat ons mekaar liefhet en beloof het om aan mekaar getrou te bly. Die Here Jesus het ook vir ons 'n teken gegee om vir ons daaraan te herinner dat Hy ons liefhet. Hy het die nagmaal vir ons gegee. Deur brood en die wyn vertel Hy vir ons dat Hy vir ons sonde gesterf het en ons lewe mooi maak.

3 *Deur aan die nagmaal deel te neem, sê ons dat ons aan die Here behoort, ander mense liefhet en vir hulle omgee.*

Paulus verduidelik in 1 Korintiërs 10:16-17 dat die nagmaal ook ons eenheid en verhouding met Christus en met mekaar beklemtoon. Ons behoort aan Christus en sy gemeente en as gelowiges is ons in liefde aan mekaar verbind. Dit word onder andere sigbaar in die manier waarop ons vir mekaar omgee.

Nagmaal is soos 'n maaltyd. Voor in die kerk is 'n tafel gedek met brood en wyn. Die dominee en 'n paar ander mense sit by die tafel. Nadat hy gebid het, breek hy stukkies van 'n brood af en sê dit herinner ons aan die liggaam van Jesus wat vir ons gekruisig is. Hy gee daarvan aan die mense by die tafel om te eet. Hy sit ook daarvan in die skinkborde met brood wat op die tafel staan. Hy gooi wyn in 'n beker en sê dit herinner ons aan die bloed van Jesus wat vir ons gestort is. Hy gee van die wyn aan die mense by die tafel om te drink. Daarna gee hy aan die diakens die skinkborde met brood en hulle deel dit vir die gemeente uit. Elkeen van ons neem 'n stukkie en eet dit. So word ook die wyn uitgedeel en elkeen van ons neem 'n glasie en drink die wyn.

Terwyl ons eet en drink, bid ons in stilte en dank ons die Vader dat Hy sy Seun vir ons gestuur het. Ons dank ook die Here Jesus dat Hy vir ons sonde gesterf het om ons God se kinders te maak. Ons sê vir Hom dat ons Hom liefhet. As jy ná kerk huis toe gaan, en as jy by die skool is of by jou maatjies, kan jy altyd vir jouself sê: "Ek weet die Here Jesus Christus het my lief en ek het Hom lief!"

Verdere gesprekke met kleiner kinders

Die volgende Bybelgedeeltes kan jou help met daaropvolgende gesprekke. Dit is *voorbeelde vir verdere gesprekke* by daaropvolgende nagmaalvierings met kleiner kinders tot hulle ongeveer 7 jaar oud is. Riglyne vir die verdere gesprekke met ouer kinders is op bl. 26-30.

➢ Die instelling van die nagmaal

(Matt. 26:17-30, Mark. 14:12-25 of Luk. 22:7-23)
Lees die Bybelgedeelte. Laat die kinders 'n prentjie teken van die nagmaalviering en laat hulle self die prent verduidelik. Jy kan dan by sommige van dié aspekte aansluit om dit weer te verduidelik.

➢ Die verhaal van die verlore seun

(Luk. 15:11-31)
Die gelykenis maak baie mooi duidelik met watter gesindheid 'n mens na die nagmaal moet kom. Jy moet jammer wees oor die dinge wat jy gedoen het wat die Here hartseer maak en jy moet kom omdat jy Hom graag met jou hele hart wil dien.

➢ Die Emmausgangers

(Luk. 24:13-21, 27-31)
Hier lees ons weer van 'n maaltyd waar Jesus die mense laat agterkom dat Hy by hulle is. Hy was daar by Kleopas en sy vriend aan tafel en Hy is by ons as ons die nagmaal vier. By die nagmaal verseker Hy ons dat Hy ons liefhet.

➢ Aspekte van die nagmaal

Jy kan by die opvolggesprekke ook oor een of meer van die volgende aspekte van die nagmaal met jou kind gesels.

✧ Lees Luk. 22:19-20

Ons hou die nagmaal omdat ons daaraan dink dat Jesus vir ons sonde gesterf het ("doen dit tot my gedagtenis"). Daardeur het Hy ons sonde vergewe en ons sy kinders gemaak.

✧ Lees Matt. 26:26-28

Met die brood en die wyn sê Jesus vir ons dat Hy ons liefhet. Hy het ons só lief dat Hy vir ons gesterf het. Ons kan dit seker weet. Oral en altyd kan jy sê: Ek behoort aan die Here Jesus.

✧ Lees 1 Kor. 10:17

As ons so saam die nagmaal gebruik, weet ons dat ons die Here se kinders is. Ons wat die Here se kinders is, is die Here se gemeente. By die nagmaal kom jy agter dat jy ook aan die gemeente behoort.

✧ Lees 1 Kor. 11:26

Die Here sê vir ons in sy Woord dat ons eendag by Hom sal wees. As ons die nagmaal gebruik, wys dit dat ons mense is wat weet dat ons eendag by Hom sal wees.

✧ Lees Op. 19:6

Ons lees hier van die bruilof van die Here Jesus en sy kerk. Dit vertel vir ons dat dit in die hemel soos op 'n troue is. Dit is 'n fees van vreugde en blydskap. So moet ons ook die nagmaal vier. By die nagmaal is ons bly omdat God ons liefhet en ons sy kinders is.

✧ Lees 1 Kor. 10:16

Hier word gepraat van 'n beker wat dankie sê. By die nagmaal sê ons dankie. Laat die kinders self vertel waarvoor ons alles kan dankie sê.

1 Korintiërs 11:27-34

Die Sinode het besluit dat daar aan die vereistes van 1 Kor. 11 gehoor gegee moet word. Die verse wat duidelik van toepassing is, is vers 17-34. Volgens 1 Kor. 11:27-34 moet die nagmaalganger kan *verstaan* dat dit die "liggaam" en "bloed" van Christus is en kan *selfondersoek* doen. Verder moet hy/sy die nagmaal nie op 'n *ongepaste wyse* eet en drink nie.

Wat is hierdie "ongepaste wyse" om die nagmaal te vier? Wat is hierdie "selfondersoek" en hoe eet en drink ons "sonder om te besef dat dit die liggaam van die Here is"?

Uit die verband waarin hierdie vereistes gegee word, is dit duidelik dat die gemeente se liefdeloosheid en verdeeldheid ook by die nagmaaltafel sy kop uitgesteek het. Dit is 'n saak wat Paulus by herhaling hanteer: die klieks wat hulle gevorm het (1:12), hulle meerderwaardigheid (4:6) en geestelike hoogmoed (5:6). Die eenheid van die liggaam van Christus is die saak waaroor dit gaan. Hulle nagmaalgebruike het hulle gebrek aan eenheid openbaar. Die bevoorregtes wag nie vir die armes (waarskynlik slawe wat langer ure gewerk het) by die tafel nie. Dit is die ongepaste wyse van brood eet en uit die beker drink. Daaroor moet die selfondersoek van die gemeente gaan: *Is ons almal hier? Is daar nie sommige van ons wat oorgeslaan is nie?* Die slawe, die eenvoudiges, die ongerekendes is diegene wat uitgelaat is by die bediening van brood en wyn. Daarom is dit opmerklik dat Paulus direk hierna oorgaan om in meer besonderhede oor die funksionering van die gemeente as die liggaam van Christus te skryf (1 Kor. 12).

Verdere gesprekke met groter kinders

Kyk ook na die hierdie voorbeelde vir verdere gesprekke by daaropvolgende nagmaalvierings met kinders wat ongeveer 8-12 jaar oud is. Riglyne vir die gesprekke met kleiner kinders is op bl. 23-24.

Dieselfde Skrifgedeeltes wat op bl. 24 by die kleiner kind aanbeveel is, kan ook hier gebruik word. 'n Mens sal natuurlik dan op hierdie kinders se vlak praat. Vir kinders in hierdie groep kan jy ook meer uitgebreid vertel wat by die nagmaal gebeur. Jy hoef nie elke keer ál die elemente te bespreek nie. Jy kan wel almal noem, maar neem elke keer net 'n paar waaroor jy meer breedvoerig gesels. Die volgende dinge vind by die nagmaalviering plaas:

➢ Die formulier word gelees

Verduidelik dat die formulier vir ons weer herinner wat die betekenis van die nagmaal is. Bespreek net een of twee van die onderstaande betekenisse. 'n Volgende keer kan jy weer oor ander aspekte praat:

✧ Die nagmaal is 'n onthou-ete

Die nagmaal is 'n spesiale ete waar ons daaraan dink dat Jesus vir ons sonde gesterf het. Die Here Jesus het ons die opdrag gegee om dit vir hierdie doel te gebruik. Jy kan Luk. 22:19 laat lees en dan vra wat die laaste reël beteken. Vra ook waarom dit nodig is dat ons elke keer weer deur die nagmaal daaraan herinner moet word. In 'n wêreld waar mense so besig is met hulle eie dinge en daar so min aan die Here en sy offer vir ons sonde gedink word, is dit nodig dat die nagmaal ons telkens daaraan herinner.

✧ Die nagmaal is 'n waarborg

Lees Matt. 26:26 en 28 en verduidelik dat die brood en die wyn nie regtig die liggaam en bloed van Jesus is nie, maar die tekens wat ons aan sy liggaam en bloed herinner. Die Here verseker ons: net soos ons seker is dat ons die brood eet en die wyn drink, net so seker kan ons weet dat Jesus die straf vir ons sonde gedra het. Ons hoef nie te

twyfel aan wat die Here in sy Woord sê nie. Jesus het verseker vir ons sonde gesterf. Maar omdat ons swak is en die duiwel ons ook wil laat twyfel, twyfel ons partykeer daaraan. Daarom het die Here die nagmaal vir ons gegee as waarborg dat Hy vir ons gesterf het.

✧ Ons behoort aan mekaar

Met die nagmaal vier ons ook die feit dat ons aan die Here Jesus Christus en aan mekaar behoort. Ons geniet saam die maaltyd van die Here om vir mekaar te sê dat ons soos broers en susters een groot huisgesin is: die huisgesin van God. Ons is aan mekaar verbind en het mekaar lief. 1 Kor. 10:17 verduidelik dit met die beeld van die brood.

✧ Ons verwag dat Jesus weer kom

Deur die viering van die nagmaal sê ons ook dat ons lewe as mense wat die wederkoms van Jesus Christus verwag. Ons weet dat ons almal wat kinders van die Here is, eenmaal by Hom sal wees. Lees 1 Kor. 11:26.

✧ Die nagmaal is 'n vreugdefees

Die nagmaal is 'n vreugdefees omdat ons die verloste kinders van God is en vir altyd by Hom gaan wees. Soos wat mense 'n feesmaal hou as hulle bly is oor iets, vier ons die nagmaal met blydskap omdat ons weet dat die Here ons sonde vergewe het en ons sy kinders is.

✧ Nagmaal is dankiesê-tyd

Die nagmaal is 'n fees van dankbaarheid om die Here te dank vir sy groot genade. Ons dank Hom vir wat Hy gedoen het om ons sonde te vergewe. Ons doen dit nie net met die lippe nie, maar ons gee ook opnuut ons lewe aan Hom om vir Hom te lewe

➢ Uitnodiging om deel te neem

Nadat die formulier gelees is, word almal wat in hulle hart seker is dat hulle die Here Jesus liefhet en Hom wil dien, genooi om aan die nagmaal deel te neem.

➢ Die tafel word reggemaak

Van die diakens gaan na die tafel toe om die tafeldoek mooi op te vou. Die diakens het die vorige aand of vroeg die oggend al die brood gesny en die wyn in die glasies gegooi en die tafel gedek. Die dominee kom van die preekstoel af en gaan saam met 'n paar kerkraadslede of ander lidmate om die tafel sit. Toe die gemeentes nog kleiner was, het almal, die een na die ander, die kans gekry om by die tafel te sit.

Terwyl die diakens die tafel regmaak sodat die gemeente lekker kan saam eet, moet ons onsself ook regmaak om deel te neem. Praat dan met die Here en maak jou hart skoon, dink aan die dinge wat nie reg is nie.

➢ Tafelgebed

Soos Jesus destyds voor die nagmaal tot sy Vader gebid en Hom gedank het, bid ons ook saam. Die dominee (of iemand anders wat hy gevra het) gaan vir ons voor en vra die Vader om by ons te wees, sy vrede vir ons te gee en in ons hart te werk sodat ons Hom meer sal liefhê.

➢ Die tekens word ingestel

Die dominee breek stukkies van 'n brood af en sê dat dit ons herinner aan die liggaam van Jesus wat vir ons gekruisig is. Dan gee hy daarvan aan die mense by die tafel om te eet. Hy sit daarvan in die skinkborde met brood wat op die tafel staan. Hy gooi ook 'n bietjie wyn in 'n beker en sê dat dit ons herinner aan die bloed van Jesus wat vir ons gestort is. Hy gee van die wyn aan die mense by die tafel om te drink. Dan kom die diakens een vir een na vore. Hy gee aan elkeen van die skinkborde met brood en hulle gaan gee dit vir die gemeente. Elkeen van ons neem 'n stukkie en eet dit. So word die wyn ook uitgedeel en elkeen van ons neem 'n glasie en drink daarvan. Terwyl ons so eet en drink, bid ons in stilte en dank die Vader dat Hy sy Seun vir ons gestuur het en dank die Here Jesus dat Hy vir ons sonde gesterf het om ons kinders van God te maak.

➢ Danksegging

Ná die nagmaal gaan die dominee ons in gebed voor sodat ons almal saam vir die Vader kan dankie sê vir dié spesiale ete.

➢ Voorbidding

In die gebed dink ons ook aan mense wat in een of ander nood is, ons bid vir die Here se werk op die aarde en vir die mense wat oor ons moet regeer.

➢ Geloofsbelydenis

Dikwels doen ons hier saam belydenis van ons geloof. Gewoonlik sê ons saam hardop die woorde van die Twaalf Artikels. Dit is 'n kort samevatting van die dinge wat ons oor God glo.

➢ Offergawe

Die geld wat ons in die bordjie gooi, is 'n teken dat ons die Here met ons hele lewe wil dien, ook met ons geld en ons goed en wanneer ons by die skool of by ons maats is. Ons wil ook graag help om die Here se werk op aarde te doen.

Elke ouerpaar het hulle eie standpunt daaroor of hulle jong kinders wyn moet drink. Die meeste gemeentes plaas ook 'n paar kelkies met druiwesap op elke skinkbord wat jou kind kan drink.

Volgens die geskrifte van Siprianus (196-258 n.C.) en Augustinus (354-430 n.C.) is die nagmaal in die vroeë kerk ook aan kinders bedien. Die kinderdoop het ook daartoe gelei dat die nagmaal van kleins af aan kinders bedien is. Hierdie gebruik het tot minstens die dertiende eeu voortgeduur.

➢ Slotsang

Die lied aan die einde van die erediens is 'n lied waarmee ons die Here dank en loof omdat Hy ons geloof weer sterk gemaak het toe ons die nagmaal geniet het.

➢ Seën

Deur die seën wat die dominee uitspreek, verseker God ons dat Hy saam met ons van die kerk af gaan – na ons huis toe, skool toe, werk toe en oral waar ons mag gaan en dat Hy altyd by ons bly en ons in sy hand hou.

K38/4

BYBELKOR

Bybelkor wil jou help om die Bybel te verstaan en vir Christus te lewe

'n Divisie van Bybel-Media
(ingelyfde vereniging sonder winsoogmerk)
Posbus 5, Wellington 7654
Reg. 80/02524/08

Outeursreg: © *Brood en wyn vir groot en klein*
Bybel-Media 1998
Geen deel van dié publikasie mag in enige vorm sonder die voorafgaande skriftelike verlof van Bybel-Media gereproduseer word nie.
Aanhalings uit Die Bybel (Nuwe Vertaling) © 1983.
Met verlof van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika.
Gelitografeer en gebind deur Boland Drukpers
Eerste druk 1998
Tweede druk 1999
ISBN 0 86487 358 1